Die kerk as die nuwe familie van God in Matteus

Marius Nel

In Coenie Burger en Ian Nell se nuwe boek "Draers van die waarheid: Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente" word daar gekyk na wat gemeentes uit die Nuwe Testament kan leer oor kerk-wees vandag. Hier fokus Marius Nel van die NG gemeente Doornpoort spesifiek op die geloofsgemeenskap in Matteus.*

Die kerk as 'n geloofsgemeenskap onderweg na 'n nuwe identiteit

In sy verwerking van Markus se Christusverhaal vir sy gemeente, bied Matteus 'n venster op 'n jong geloofsgemeenskap wat in 'n vyandige wêreld besig was om tot 'n eiesoortige identiteit te kom. Die Evangelie getuig teenoor die kerk in Suid-Afrika van 'n besondere pastorale sensitiwiteit in die handhawing van 'n balans tussen:

- **Die bewaring van die oorgelewerde tradisie, gebruike en leer van die verlede én die kreatiewe nuwe toepassing daarvan in die hede (vgl 5:17–48; 13:51–52).**
- **Die afkeer van die begeerte om die kerk te suiwer van ontrou lidmate (13:24–30, 36–43) én 'n sterk klem op onderlinge vermaning en dissipline (18:15–20).**
- **Die bewaring van die Joodse wortels van die kerk én die oopstelling daarvan vir voormalige heidene.**

l Die liefdevolle beoefening van vergifnis én vermaning in die geloofsgemeenskap (18:1-35). Die kerk van Jesus beskik vir Matteus immers oor 'n veel groter gesag en verantwoordelikheid as om afgedwaalde lede te kan verban, te wete die gesag om in sy Naam hulle van harte te kan vergewe.

Die taak van die kerk

Die taak van die kerk van alle tye is vir Matteus om die bediening van Jesus voort te sit tot sy wederkoms. Die universele gesag van die opgestane Christus vereis 'n onbegrensde sending vir sy kerk. Daarom moet dissipels gemaak word van elke nasies en hulle alles geleer word wat Hy sy dissipels geleer het (28:18-20).

Die hart van die kerk se verkondiging is vir Matteus woordeliks dieselfde as Jesus en Johannes die Doper s'n (vgl 3:2; 4:17 en 10:7): die koninkryk van die hemele het naby gekom! Dié koninkryk is nie vir Matteus bloot tot die kerk beperk nie deurdat dit alle mense insluit (13:38). Die kerk mag daarom nooit vergeet dat hy nie die koninkryk besit nie, maar slegs die pagters (21:43) en getuies daarvan is (10:7-15) wat dit daadwerklik moet uitleef (5:13-16; 13:8, 23; 21:43).

Ten einde dié roeping te kan vervul ontvang die kerk van Jesus die gesag om sondes te kan vergewe (9:8), mense te genees, demone uit te dryf (10:1) en die wet uit te lê oor wat bindend is en wat nie (18:18). Die gronde vir die gesag lê nie in sekere ampte, persone, of strukture nie, maar eerder in die voortgaande teenwoordigheid van die Jesus by sy kerk. Jesus was volgens Matteus nie slegs as "Immanuel" by sy volk teenwoordig tydens sy aardse lewe nie (1:23), maar is ook as die opgestane Here by sy kerk tot die voleinding (28:20). Só is Hy in hulle midde wanneer hul moeilike besluite moet neem oor medegelowiges (18:18-20).

Die identiteit van die kerk

Matteus is die enigste van die evangelies waarin die Griekse woord vir kerk (*ekklesia*) voorkom. In 18:17 dui dit op die plaaslike gemeente en in 16:18 op die universele kerk. Die kerk bestaan volgens Matteus uit die "dissipels", "broers" en "geringes" wat met geloof en gehoorsaamheid gereageer het op die koms van die koninkryk (22:1-14; 21:33-46).

- Wesenlik aan die term "dissipel" is die gedagte dat dit 'n persoon was wat deur Jesus geroep is om Hom te volg ten einde te deel in sy sending. Dié roeping het onmiddellike gehoorsaamheid en wesenlike opoffering – dikwels van eiendom, inkomste en familie – vir die geroepenes geïmpliseer.
- Waar "dissipel" gelowiges se band met Jesus beklemtoon, fokus "broer" op die verhouding tussen die dissipels onderling (vgl. 18:15-17, 21 en 35). Die kerk is vir Matteus nie alleen die seuns (en dogters) van God nie (5:9, 45 en 13:38), maar ook die familie van sowel Jesus as van mekaar (12:49-50; 18:35; 23:8; 25:40, 45 en 28:10)!

Aangesien hulle as familie slegs een hemelse Vader, en een Leermeester het (23:8-9), word enige vorm van onderlinge hiërargie afgewys. Teenoor die versugting na vername posisie en status, wat reeds onder die dissipels teenwoordig was (20:20-24), word gelowiges in 23:7-12 verbied om eretitels te gebruik. Dit beteken nie die algehele afwesigheid van leierskap nie, maar vra eerder om leiers wat in die Naam van Jesus met liefde, diensbaarheid en nederigheid leiding gee.

- Die "geringes" is waarskynlik 'n verwysing na die gewone volgelinge van Jesus. Soms word die dissipels gekontrasteer met die geringes (18:1-6 en 18:10), wat dit wil laat voorkom asof die dissipels 'n versorgingsposisie beklee het, terwyl daar weer ander kere na die dissipels self as die geringes verwys word (10:42).

As deel van die kerk van alle tye moet gelowiges vandag steeds leef uit die wete dat hulle as kinders van die hemelse Vader, die kleintjies en geringes is wat in totale afhanklikheid van Hom leef (18:3, 6 en 10), en wat as familie van mekaar en van Jesus, sowel diensknegte as slawe van mekaar is (20:25-28).

**Draers van die waarheid: Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente* is 'n nuwe boek wat onder die redakteurskap van Ian Nell en Coenie Burger geskryf is deur die Buvton Ekklesiologie-navorsingsgroep. Die boek het einde November by Buvton verskyn en kan teen R70 bestel word by Joanie Batt by (021) 808 3382 of per e-pos by jcab@sun.ac.za.